Ile de France Nuus

Christmas 2009



ILE DE FRANCE

Nuusbrief



Ile de France Skaap Telersgenootskap
Posbus 3776 Bloemfontein 9300
Tel: 051 410 0953
Faks: 051 448 4220
Email: Idf@studbook.co.za
Web: www,studbook.co.za

VANAF DIE PRESIDENT

Namens die Genootskap wil ek net baie dankie sê aan die telers wat ons S.A Kampioenskap te Bloemfontein ondersteun het en gehelp het om die ras promosie veiling 'n sukses te maak. Nogmaals geluk aan al die wenners.

Ten spyte van die moeilike ekonomiese toestande waarvan almal bewus is, het die Ile de France ras homself nog steeds onderskei deur om bogemiddelde pryse op ons amptelike veilings te behaal. Daar bestaan 'n lewendige belangstelling in ons ras a.g.v. sy uitstekende groei vermoë, karkas eienskappe en aanpasbaarheid. Die Ile de France presteer nog steeds uitstekend op slaglam kompetisies, maar ek doen 'n beroep op telers om meer betrokke te raak in die verband.

Ons Genootskap vier in April 2010 ons 30ste bestaansjaar. Ons is opgewonde om as deel daarvan 'n promosie artikel in die Landbouweekblad die lig te laat sien en ons vra dat u as telers die geleentheid sal ondersteun. Deur u insette gaan ons 'n groot sukses hiervan maak.

Daar word op 21 Julie 2010 'n Skaap dag deur die Genootskap by die Afri-Dome te Parys aangebied. Hierdie dag sal 'n spesiale geleentheid bied om ons ras onder kommersiële boere te bemark, so ook sal telers baat vind by die lesings en demonstrasies wat vir die dag beplan word. U betrokkenheid sal baie waardeer word. Die Genootskap en die nuwe Raad het groot verwagtinge vir die nuwe jaar dat die Ile de France nog groter hoogtes sal bereik.

Ek wil ook van die geleentheid gebruik maak om alle nuwe telers hartlik by die Genootskap te verwelkom en vertrou dat die toekoms vir u in die Ile de France net positief sal wees.

'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige 2010 word u en u gesin toegewens.

Ile de France groete
Mark Gietzmann
President

DIT IS DIE MISSIE VAN DIE GENOOTSKAP OM ILE DE FRANCE SUPER SLAGLAMPRODUKSIE TE BEVORDER. KWALITEIT VLEIS AAN DIE VERBRUIKER!

IT IS THE MISSION OF THIS SOCIETY TO PROMOTE ILE DE FRANCE SUPER SLAUGHTER LAMB PRODUCTION. QUALITY MEAT TO THE CONSUMER!

NUWE LEDE WAT AANGESLUIT HET DIE AFGELOPE JAAR

Aanvoor Boerdery (Phillip v.d. Walt) - Brits
Bien Espérer Stoetery (TNM Smith) - Bethulie
Burmeister JA - Memel
Coetzee G - Roedtan
Deonica Ile de France - Malmesbury
Heathcote Ranch (N Nolte) - Wingate Park
IZI IDF (IS Beukes) - Mooi Rivier
Kalentra IDF (dr. SJS Steyn) - Mooi Rivier
Krugel J & LJ Mans WH - Centurion
MS Teck Farming (M Tecklenburg) - Barberton
Roarty Stoet - (Johan Roarty) - Kinross
Wicor Boerdery - (Smith WE) - Gerdau
v.d. Linde GW - Mareetsane

Mag u boerdery van krag tot krag groei!

Groei toets van Ile de France kruis lammers by Core meat lam voerkraal te Alberton

Die pas afgelope toets het weereens bewys hoe belangrik die Ile de France in 'n kruisteel program is!

Begin gewig : 31.2kg
Eind gewig : 46.0kg
Karkasgewig : 24.0kg
Uitslag persentasie : 52.3%

Al die karkasse was A2 met uitstekende vet verspreiding.

Die lammers was in totaal 33 dae in die voerkraal, die resultate is verkry sonder hormoon behandeling! Core meat is so ingenome met die resultate dat hul 'n premie sal betaal vir Ile de France kruis lammers. Telers kan hierdie geleentheid gebruik om hul ramme te bemark aangesien daar 'n premie vir die nageslag van daardie ramme aangebied word.

Vir verdere navrae kontak June Wiid by die Genootskap of Mark Gietzmann 082 557 9978

LANDBOUWEEKBLAD

Telers het deurgegee dat hulle nie huidig belangstel om te adverteer in die joernaal vir 2010 nie. Landbouweekblad het vir ons 'n spesiale aanbieding gemaak vir elke bladsy aangesien ons Genootskap in 2010 dertig jaar oud sal wees. Advertensies deur telers gee hul een bladsy vir 'n artikel oor ons ras!

Normale prys per bladsy beloop R27 000-00 en spesiale bedingde prys R16 000-00. Die Raad het hierdie promosie artikel goedgekeur aangesien dit uitstekende advertensie vir ons ras sal beteken ! Ons het egter elke teler se positiewe steun nodig en hierdie is 'n unieke geleentheid vir almal om deel te wees van hierdie pragtige geleentheid! As riglyn sal advertensies ongeveer R2 450-00 vir 6cm by 9cm in volkleur beloop.

Landbouweekblad sal egter self verdere reëlings met telers tref in die nuwe jaar. Ons doen 'n beroep op telers om hierdie aksie te steun! Die hoeveelheid advertensies wat lede plaas sal bepaal hoeveel bladsye die Genootskap geplaas sal kry.

SKAAP DAG TE AFRI-DOME PARYS

Hierdie dag word deur die Genootskap aangebied om die Ile de France ras te bemark. Die Raad vra dat telers wat betrokke wil raak die Genootskap skakel of enige van die raadslede. Ons beplan om drie sprekers daar te hê ,daar sal ook uitstallings wees van insetverskaffers aan die skaap bedryf. Dit sal veral vir nuwe telers 'n gulde geleentheid bied om vars inligting te bekom. Kom ondersteun asb. ons ras en sodoende wys ons dat ons 'n ras is om van kennis te neem!

Die Skaap dag sal aangebied word op 21 Julie 2010 om 10:00

Pikos

"As a leader, you must make the development of others a lifestyle...
so I ask you, are you developing the leaders around you...?" - **John C. Maxwell**

Events

ILE DE FRANCE EVENTS – (Subject to change)

11 Februarie 2010	**Raadsvergadering**
22 April – 1 Mei 2010	**Bloem Skou**
5 – 7 Mei 2010	**Vryburg Skou**
18 – 21 Mei 2010	**Nampo**
28 Mei – 6 Junie 2010	**Royal Skou**
8 Junie 2010	**Raadsvergadering**
21 Julie 2010	**Skaap dag te Afri-Dome, Parys om 10:00**
27 Julie 2010	**Oos Transvaal Ram veiling**
27 Augustus – 5 September 2010	**Pretoria Skou**
3 September 2010	**Boertjiefees te Bultfontein**
15 September 2010	**Raadsvergadering**
15 September 2010	**Simposium om 14:00 enige navrae kontak die Genootskap**
16 September 2010	**Algemene Jaarvergadering te SA Stamboek**
2 November 2010	**Raadsvergadering**

Bloem Skou 2009

NASIONALE KAMPIOENSKAP UITSLAE

JUNIOR KAMPIOEN OOI
ME BERGH (OOI MEB 080001)
RESERWE JUNIOR KAMPIOEN OOI
SJF JANSEN VAN VUUREN (OOI SV 080048)

SENIOR KAMPIOEN OOI
SD & TA CLARKE (OOI DTC 050084)
RESERWE SENIOR KAMPIOEN OOI
HH LE ROUX (OOI WY 060020)

GROOT KAMPIOEN OOI
SD & TA CLARKE (OOI DTC 050084)
RESERWE GROOT KAMPIOEN OOI
ME BERGH (OOI MEB 080001)

JUNIOR KAMPIOEN RAM
DAVEL ILE DE FRANCE STOET (RAM DVE 070021)
RESERWE JUNIOR KAMPIOEN RAM
ME BERGH (RAM MEB 080008)

SENIOR KAMPIOEN RAM
HENK MÖLLER (GE 070011)
RESERWE SENIOR KAMPIOEN RAM
SD & TA CLARKE (RAM DTC 070002)

GROOT KAMPIOEN RAM
HENK MÖLLER (GE 070011)
RESERWE GROOT KAMPIOEN RAM
SD & TA CLARKE (RAM DTC 070002)

David & Elsabé Victor van Davel IDF Stoet

ME Bergh - Lank-ge-wag Stoet

Denvor IDF Stud

Henk Möller - Uitblink Stoet

RAAD \COUNCIL 2010

PRESIDENT
Mnr. HA Gietzmann (Mark)
Posbus 334, Fochville, 2515
Tel: 018-7719736
Sel: 082 557 9978
E-pos: mark.gietzmann@gmail.com
Portefeulje: Administrasie, Bemarking, Veilings

VISE-PRESIDENT
Mnr. CJ Le Roux (Coena)
Posbus 417, Wildebeespan, Delareyville, 2770
Tel: 053-9481356 / Faks: 053-9481326
Sel: 083 657 7592
E-pos: coena@live.com
Portefeulje: Promosie, Bemarking, Veilings

Mej. Maria Smit
Posbus 235
Clocolan, 9735
Tel: 051-9437009
Sel: 083 272 1062
E-pos: vanrooyen@easycoms.co.za
Portefeulje: Kursusse, Promosie, Skoue

Mnr. D Victor (David)
Posbus 924, Cullinan, 1000
Faks: 086 687 3371
Sel: 072 522 6969
E-pos: victor.davidj@yahoo.com
Portefeulje: Veilings, Skoue, Bemarking

WAARNEMEND
Mnr. WJ Rossouw (Wimpie)
Posbus 348, Ottosdal, 2610
Tel: 018-5711106 / Faks: 018-5711106
Sel: 083 305 0090 / E-pos:
midwaters@kareekuil.co.za

GE-KOÖPTEER
Mr. TA Clarke (Bossie)
4 Fife Rd, Rondebosch 7700
Tel: 021-6856392
Fax: 021-685 6392F / 086 676 3806
Cell: 082 441 7748 / E-mail:
bclarke@mweb.co.za
Portfolio: Finances

LNR VERTEENWOORDIGER
Dr. D Swart (Derick)
Posbus 72, MIDDELBURG KAAP, 5900
Tel: 049-8422567
Sel: 083 287 3737
E-pos: dericks@nda.agric.za

Raad vir 2010

VOOR LINKS NA REGS: Mark Gietzmann (Voorsitter); Wimpie Rossouw (Raadslid); June Wiid (Senior Sekretaresse);
AGTER LINKS NA REGS: Bossie Clarke (Raadslid); Coena Le Roux (Vise-Voorsitter); Maria Smit (Raadslid); David Victor (Raadslid

GRONDWET & HANDLEIDING

Die Grondwet en Handleiding is gefinaliseer en is dit aan alle telers voorsien. Indien daar telers is wat per abuis uitgelaat is en nie beide ontvang het nie kontak asb. die Genootskap.

UITSTAANDE REKENINGE

U aandag word weereens daarop gevestig: Lede wie se rekeninge by die Genootskap 120 dae uitstaande is sal in die toekoms oorhandig word vir invordering en alle dienste sal opgeskort word by die Genootskap asook Stamboek. Rekening navrae kan gerig word aan Nelita Behr – telefoonnommer: 051-4100 962.

RAM VEILINGS

Telers word weereens aangemoedig om aan ram veilings deel te neem. Die volgende datum vir 'n ram veiling sal wees te Ermelo op Dinsdag, 27 Julie 2010.

Navrae kan gerig word aan
Sonet Coetzee Vleissentraal Ermelo Telefoon: 017-819 1106 Faks: 017-811 4466
E-pos:
nsaerm@vleissentraal.co.za

KARKAS KOMPETISIES

Telers word weereens aangemoedig om aan karkas kompetisies deel te neem. SAMIC kan gekontak word by telefoonnommer: 012-3614545 of faksnommer: 012-3617942 om 'n lys te kry waar karkas kompetisies aangebied word.

BANKBESONDERHEDE

Ile de France Genootskap
Standard Bank
Rekening nommer: 041184017
Takkode: 055534

Ile de France Genootskap
Eerste Nasionale Bank
Rekening nommer:
62165001753
Takkode: 230137
Takkode: College Court

PER KAPITA LYSTE (HEFFINGS)

Per Kapita lyste is alreeds aan alle telers gepos. Die lyste moet die Genootskap bereik voor 28 Februarie 2010. Lede sal gefaktureer word einde Februarie 2010. Sorg dat alle lammers wat gebore is in 2009 se geboortes op u Per Kapita lys is andersins moet u dit byvoeg.

SLUITING VAN GENOOTSKAP KANTOOR & SEKRETARIAAT

Die kantoor van die Genootskap sal sluit vanaf 8 Desember 2009 om 13:00 en weer heropen op 6 Januarie 2010.

Indien u enige navrae het kontak Chris Els, selnommer: 083 457 5775.

Sekretariaat sal sluit vanaf 15 Desember 2009 om 13:00 en heropen op 4 Januarie 2010.

E-POS ADRESSE

Ons doen 'n DRINGENDE beroep op telers om hul e-pos adresse beskikbaar te stel sodat die Genootskap d.m.v. e-posse kan kommunikeer met die teler/s. Dit sal kostes verlaag van posgeld.

Geseënde *Kersfees* en
Voorspoedige *Nuwejaar*